

# Georges, Hergé, Tintin... of Peter Pan?

Die avonture van  
België se 'mooiste  
kompliment'



DR FRANCOIS VERSTER  
Voormalige Hoofargivaris,  
Kaapstad Argief

In BY, bylae van *Die Burger* (9/6/2007) word Hergé 'België se mooiste kompliment' genoem. Dit is vanjaar 100 jaar sedert Georges Remi (alias Hergé) gebore is en paslik is hy ook in Suid-Afrika gehuldig. Hier is die karakter Tintin, ook bekend as Kuifje (in Nederland word hy Kuifje genoem), en 'n aantal van sy boeke is in Afrikaans vertaal. In Naspers se argief in Kaapstad is heelwat korrespondensie aangaande vertalings van die Tintin-boeke, wat 'n aanduiding is van die gewildheid daarvan. Tintin, sy hond Milou (vernoem na Hergé se eerste meisie) en Capitaine Haddock, soos hulle in die oorspronklike Frans bekend staan, is benewens Asterix die bekendste strokiesheld uit die groot Frans-Belgiese strokiesfabriek.

Bo links: 'n Jong Hergé besig om te teken, 1949

Links: Hier is Hergé saam met sy jonger broer, Paul. Volgens Hergé het mense opgemerk dat hy 'n bietjie soos sy hero, Tintin lyk. Ander het weer gemeen dat Tintin soos sy jonger broer lyk



Hergé is gebore op 22 Mei 1907 in Etterbeek naby Brussels. Daar het hy sy hele kinderlewe geslyt in die beklemmende tydsges van sy samelewing. Ook die fisiese omgewing was inperkend. Gevolglik het hy gedroom van avontuur. Reeds as kind het hy sy eie strokies begin teken, later vir die koerant *Le Boy-Scout Belge*. Hergé was 'n goeie student en het die beste in sy klas presteer. Duidelik was hy 'n besonder intelligente, begaafde mens met 'n lewendige belangstelling in die wêreld ver buite België se grense. Sy helde sou ook ware wêreldreisigers word.

Hergé was vroeg betrokke by die dagblad *Le XXe Siècle* en mettertyd ook by die redaksie van ander tydskrifte. As kunstenaar was hy 'n outodidakt. Bo en behalwe strokies het hy allerhande illustrasiewerk gedoen, maar nie soos, byvoorbeeld, TO Honiball, spotprente nie. Hergé het behalwe Tintin ook ander reekse geskep. Die eerste (*Totor*, 1926) was nie 'n groot sukses nie. Baie beroemde strokieskunstenaars het onbekende reekse geskep - hulle moes eers 'oefen' om die regte resepte te vind. Só het Charles Schultz se reeks, *Li'l people*, misluk voordat *Peanuts* wêreldbekend geraak het. Dit blyk 'n geval van aanhouer wen te wees en in Hergé se geval het hy 'n suksesresepte ontdek met Tintin.

Volgens Benoît Peeters in **Het Wereld van Hergé** (1993-uitgawe) was Hergé nie polities of godsdienstig georiënteerd nie - hy het homself 'toevallig 'n Belg' genoem en hom uitgespreek teen die Belgiese samelewing; veral die rigiditeit en kleinburgerlikheid daarvan. Dit klink natuurlik vir ons in Suid-Afrika ook bekend, nes dit inderwaarheid in samelewings dwarsoor die wêreld die geval is. 'n Meer korrekte stelling sou wees dat Hergé nie in Belgiese partypolitiek belanggestel het nie, maar wel in wêreldpolitiek, waarop hy sy stories gebaseer het. Hier kan die Japanese inval in Mantsjoerye kort voor die Tweede Wêreldoorlog as storielyn geïdentifiseer word. Hergé was geïnteresseerd in sielkunde, filosofie, en relegie (nie spesifiek kerklik nie) en het dit ingebring in sy werk, wat dit meer substansie gee. Ook moderne kuns was 'n belangstelling en is die tema in sy laaste, onvoltooide boek **Tintin et L'alph-art**.

Hergé het sy karakters dikwels op werklike persone baseer - so was Tintin gemodelleer op Hergé se broer, en die speurder-tweeling (oorspronklik Dupont en Dupond) was in werklikheid Hergé se pa en sy tweelingbroer. Sy bekendste reekse het eers in tydskrifte verskyn en **Die avonture van Tintin** later in 'n tydskrif *Le Petit Vingtième* op 10 Januarie 1929. Hergé se werkgewer het sy boeke bemark deur byeenkomste van aanhangers te reël, met persdekking - so het 'n Tintin-dubbelganger op reis na Rusland gegaan as reklamefoefie vir sy eerste boek, **Tintin in Rusland** (1929).

Hergé het sy werk filosofies bedink, byvoorbeeld, oor hoe om dialoog tussen skepper en leser te bewerkstellig. Sy karakters is ook goed uitgedink - Tintin, byvoorbeeld, is 'n soort Jan Alleman, sonder 'n familienaam, verander nooit, het nie romantiese verbintenisse nie en mense van bykans enige volksgroep kan met hom identifiseer. Hy is slim, flegmaties en altruïsties. Die 'goeie seun' in enige land of taal.

Wat die kreatiewe proses betref het Hergé se vrou hom gehelp en later nog meer kollegas in 'n studio. Storielyne is dikwels geskryf sonder beplanning van wat aan die einde van 'n storie sou gebeur. Soos die verhalte geskryf is, het die karakters hulle bydrae gemaak in 'n generiese ontwikkelingsproses - Hergé sou dink 'wat sou Professor Phosfatus hier gesê het of wat sou Spokie se reaksie op hierdie situasie wees?' Dáárvolgens het elke storie dan ontwikkel. Hy het strokies eerstens

as verhaalkuns gesien. Tog was vloei en leesbaarheid vir hom belangrik.

Oor sy tekenkuns het hy verklaar dat die sogenaamde *clear line-styl* nie net die tekening is nie, maar ook die verteltegniek en scenario. Hy het gesê hy werk tegelyk aan die teks en prente, ter wille van die geheel. Hy het gepoog om nie verklarende teks (paragrafies in blokvorm) te gebruik nie; die teks, in beeld en skrif, moes die storie duidelik kon vertel. Hy het strokieskonvensies soos spraakborrels leer ken deur middel van Amerikaanse strokies wat in Mexikaanse koerante verskyn het.

As persoon was Hergé perfekionisties, maar hy het nogtans 'n redelik altruïstiese lewensuitkyk gehuldig. Daarsonder sou hy nie die wonderlike *rapport* met sy lesers kon bewerkstellig nie; hy kon homself in hul skoen plaas en vir hulle skep. Die buitengewone sukses wat hy behaal het, het ook teen 'n prys gekom. Soos baie humoriste was hy later uitgeput van die aanhoudende werksdruk en het hy selfs depressief geraak.

Hergé is in 1983 oorlede, maar sy werk het steeds groot impak. Hy was beslis 'n belangrike meningsvormer - sy boeke verskyn in meer as 40 tale en word globaal bemark. Duisende lesers het nie net die Belgiese kultuur deur die Tintin-boeke leer ken nie, maar ook kulturele en geografiese landskappe van etlike ander wêrelddele. Bowenal het dié reisende verslaggewer sóveel plesier aan sóveel mense verskaf - soos met Peter Pan word aan ons almal ewige jeug geskenk deurdat ons na 'n ander dimensie kan ontvlug. Al wat nodig is, is 'n Tintin-boek. Maak dit oop en... tierende tifone, jy's gehoe!

## Naskrif

Tintin-boeke in Afrikaans, Nederlands, Frans en Engels is as bronne gebruik. Om naamgewing makliker te maak, is by die hoofkarakter se oorspronklike naam gehou, naamlik Tintin, eerder as, byvoorbeeld, Kuifje.

## Bronne

Farr, Michael. **Tintin, the complete companion.**- J. Murray, c2001.  
Peeters, Benoît. **De wereld van Hergé.**- 1993.

**The adventures of Tintin at sea** / Farr, Michael (Ed.).- J. Murray, 2004.  
Figuur 1:  
Hergé in 1950 - reeds 'n bekende naam



Hergé verbeeld sy uitputting, sy eie Siamese kat op sy skouer en 'Tintin as slawedrywer'



Links: Af en toe het Hergé - soos Hitchcock - homself in sy sketse ingeteken. Hier verskyn hy - hoed in die hand - in die museum van Etnografie aan die begin van **The broken ear**



Bo links en regs: 'n Passiewolfe gesprek oor kuns deur Hergé (foto deur André Soupard). Die kunswerke is deel van Hergé se versameling - geskilder deur Serge Poliakov en Tønning Rasmussen



Bo en regs: Hergé en sy vriend, Chang Chong-chen, 'n beeldhouwerker van die Brussels Académie des Beaux-Arts. Hulle ontmoeting in 1934 word beskryf as 'a remarkable meeting of minds' wat tot 'n lewenslange vriendskap gelei het



Onder: Nadat Tintin die seuntjie Chang uit die vloedwaters van Yangtze-Kiang gered het, praat hulle oor hulle wanindrukke van mekaar - 'n 'gesprek' wat heelwaarskynlik op Hergé se eie filosofie gebaseer is

Regs: Een van Hergé se kenmerke was dat sy inspirasie op die werklikheid gebaseer is. Hier gebruik hy die *Glengarry* van Glasgow as model vir Karaboudjan

